education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 12

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

VRYSTAAT

Junie 2018 **VRAESTEL 1**

PUNTE: 70 **TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye

Kopieregvoorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies	(30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

3. Lees alle instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

6. Trek 'n streep ná elke afdeling.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopieregvoorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

AFRIKAANS GEDY INTERNASIONAAL

Deur: Annelise de Vries en Jhua-Nine Wyrley-Birch

1. Hoewel Afrikaans in Suid-Afrika – die land waarin dié taal met bloedsweet en harde werk ontstaan en ontwikkel het – aan die kwyn is en geminag word, wen die taal internasionaal al hoe meer veld en harte. Aan die tuisfront word die posisie van die taal aan verskillende teenstrydighede gekenmerk.

2. Dr. Nicol Stassen, uitvoerende hoof van Protea Boekhuis, skryf dat Afrikaanse boeke tans die markaandeel wen as daar na die uitgewersbedryf gekyk word. Volgens hom was 49% van alle plaaslik gepubliseerde titels in 2015 in Afrikaans, terwyl groot internasionale uitgewers soos *Penguin Random House* en *Oxford* óók tot die Afrikaanse mark toegetree het.

3. Aan die ander kant word Afrikaans op amptelike vlak verskraal en in die howe en onderwysinstellings op 'n strukturele wyse afgetakel en ongeldig verklaar.

4. Die aantal studente wat vir Afrikaanse vakke by universiteite inskryf, het die afgelope 10 jaar landwyd afgeneem. By die Universiteit Stellenbosch het 1 303 studente in 2007 Afrikaanse taalverwante vakke voorgraads geneem. In 2016 het slegs 345 studente vir dieselfde vakke geregistreer. By die Universiteit van Johannesburg het daar in 2007 nog 506 studente Afrikaanse vakke geneem, teenoor slegs 58 in 2016. Dít dui op 'n gemiddelde afname van 82% oor die afgelope tien jaar.

5. Prof. Lawrence Schlemmer, wêreldberoemde sosioloog, het jare gelede gewaarsku dat die grootste gevaar vir Afrikaans is dat dit as universiteitstaal sou verswak of verdwyn. Hy het gesê dit sal die ondergang vir Afrikaans as wetenskap-, vak- en letterkundige taal beteken, asook die taal van intellektuele omgang.

6. Hy sê die voortbestaan van Afrikaans kan dan nie, soos sommige akademici en taalkenners aanvoer, slegs van sy posisie in die kunste, die uitgewersbedryf en as gesproke taal afhang nie. Die voortbestaan daarvan hang ook af van die taal se posisie as hoëfunksietaal, veral in die onderwys en regspleging.

7. Oor dié troebel plaaslike stand en status van Afrikaans is daar reeds tot vervelens toe geskryf, gepraat en gedebatteer. Daar is egter ook 'n positiewe kant aan die Afrikaanse saak waarvan baie min mense weet: Afrikaans is lewendig in talle ander lande en die gebruik en bestudering daarvan neem internasionaal in gewildheid toe.

8. Dis nie bloot toevallig dat Afrikaans in Europa, Noord-Amerika en in Afrika aangebied word nie, want Afrikaans het wortels in Afrika, Europa en Asië.

Waarom geniet Afrikaans as vak dan in ander wêrelddele aandag? Dit kan toegeskryf word aan die feit dat dié taal een van die jongste Germaanse tale ter wêreld is en dat kennis hiervan 'n mens kulturele insig in Afrika kan gee. Vergelykende studies op die terreine van taal, letterkunde en kultuur word ook daardeur moontlik gemaak.

9. Afrikaans het binne 'n rekordtyd hoëfunksiestatus bereik. Dit het binne 25 jaar vandat dit 92 jaar gelede as amptelike taal erken is, die lig aan vier universiteite gesien. Dit is juis om dié redes dat hierdie taal dikwels as gevallestudie gebruik word wanneer navorsing oor taalbeplanning onderneem word.

10. "Afrikaans is 'n pragtige en emosievolle taal. Dit is baie onregverdig dat dit in Suid-Afrika so onderdruk word," meen Valentina Kim (22), 'n Russiese student wat Afrikaans as tweede addisionele taal by die Instituut vir Asiatiese en Afrikatale aan die Lomonosov Staatsuniversiteit in Moskou studeer.

11. "Afrikaans het vir my die mooiste klankpatrone en uitspraak," sê Alisa Balikhina (22), een van dié studente wat ook in 2015 vir ses maande Afrikaans deur 'n uitruilprogram aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom gestudeer het. Sy het gesê dat Russiese instansies nie dieselfde druk om te verengels ervaar nie en dat daar baie potensiaal vir Afrikaans is om wêreldwyd te groei.

12. Talle internasionale akademici is ook ten gunste van Afrikaans en het reeds sentrums vir die studie van Afrikaans op die been gebring om die taal te beskerm en uit te bou.

13. Prof. Jacques van Keymeuelen is 'n stigterslid van die *Centrum voor het Afrikaans en de studie van Zuid-Afrika* by die Gent Universiteit in België. Hy beskryf dié stigting as die toevoeging van waarde tot die groter sigbaarheid van onderwys, navorsing en diens rakende Afrikaans en Suid-Afrika. Hy glo dat dié inisiatief internasionaal weerklank sal vind en die uiteindelike doel is om internasionaal erkende kundigheid oor die Afrikaanse taal en letterkunde op te bou.

14. Soos Van Keymeuelen beywer prof. Jacques du Plessis, 'n voormalige dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Wisconsin en UCLA) hom vir die navorsing en ontwikkeling van taaltegnologie en taaltegnologieprodukte vir Suid-Afrikaanse tale. Een so 'n voorbeeld is die webtuiste *Open Languages* wat ten doel het om die beste moontlike Afrikaanse onderrig kosteloos aan die internasionale gemeenskap te bied.

15. Selfs al kry Afrikaans op die tuisfront die wind van voor, is daar genoeg bewyse dat die internasionale sfeer Afrikaans se bydrae tot die kennis van wêreldtale as belangrik ag.

[Verwerk uit: www.wêreldwyd.co.za]

TEKS B: VISUELE TEKS



[Volksblad: 8 Desember 2015]

VRAE: TEKS A

1.1 Haal 'n frase uit paragraaf 1 aan wat die titel ondersteun. (1)

1.2 Lees die onderstreepte woorde in paragraaf 1 binne konteks van dié paragraaf. Watter emosie wek die onderstreepte woorde by jou? Verduidelik waarom jy hierdie emosie ervaar. (2)

1.3 Herlees paragraaf 1 tot 4.
In paragraaf 1 word daar verwys na teenstrydighede op die tuisfront ten opsigte van Afrikaans.

Identifiseer hierdie teenstrydighede wat ten opsigte van die posisie van Afrikaans bestaan. (4)

1.4 Bewys met enige relevante voorbeeld uit die teks hoe prof. Schlemmer se waarskuwing bewaarheid is soos in paragraaf 5 uiteengesit. (1)

1.5 Herlees paragraaf 6.
Watter wanpersepsie bestaan daar by sekere akademici en taalkenners rondom die voortbestaan van Afrikaans? Sê ook hoe prof. Lawrence Schlemmer van hierdie persepsie verskil en verduidelik wat dit beteken as Afrikaans as hoëfunksietaal veld verloor. (3)

1.6 Motiveer met TWEE redes uit die teks waarom die onderstaande stelling ’n feit is.

Ten spyte van die donker prentjie wat daar met betrekking tot Afrikaans geteken word, is daar tóg positiewe punte. (2)

1.7 Watter redes word aangevoer waarom Afrikaans as vak in ander wêrelddele aangebied word? (3)

1.8 Waarom word Afrikaans dikwels in navorsing as gevallestudie aangebied? Gee TWEE redes (2)

1.9 Watter twee komplimente het Afrikaans van Russiese studente gekry? (2)

1.10 Waarom dink jy is dit binne konteks van die artikel gepas dat die skrywer van hierdie artikel na bekende internasionale akademici verwys? (1)

1.11 Watter twee inisiatiewe is internasionaal daargestel vir die studie van Afrikaans en wat is hulle gemeenskaplike doel? (3)

1.12 Watter ooreenkoms is daar tussen Van Keymeuelen en Du Plessis se doelwitte vir Afrikaans? (1)

VRAE: TEKS B

1.13 Watter aktuele saak dink jy is deur hierdie spotprent aangespreek. Sê ook watter visuele aspek ondersteun die inhoud van die spraakborrels wat in Engels is? (2)

1.14 Lewer kritiese kommentaar op die gepastheid van Engels in hierdie Afrikaanse spotprent. (1)

VRAE: TEKS A en B

1.15 Hoe ondersteun die spotprent die woorde van prof. Schlemmer in Teks A paragraaf 5? (1)

1.16 In die lig van die onderstreepte woorde in paragraaf 11 van Teks A, is die spotprent in Teks B ironies. Gee ’n rede hiervoor. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE maniere** waarop Robert O'Brien Afrikaans **aangeleer** het en hoe hy steeds sy gebruik van Afrikaans **in stand** hou.

LET WEL:

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde in 'n paragraaf aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

VOORAANSTAANDE AMERIKAANSE ADVOKAAT GESELS OOR SY LIEFDE VIR AFRIKAANS

Deur: Jhua-Nine

Robert O'Brien is in 1986 deur 'n internasionale beursfonds gekies om as uitruilstudent in Suid-Afrika te studeer. Om hom vir sy studies in Suid-Afrika voor te berei het hy verskeie stappe geneem om Afrikaans aan te leer. Hy glo vandag steeds Suid-Afrika sal intellektueel armer wees as daar nie plek vir dié taal in sy akademie en hoër onderwysinstellings is nie.

As oudstudent van prof. Jacques du Plessis, 'n voormalige dosent in Afrikaans aan die Universiteit van UCLA, wat hom beywer vir die navorsing en ontwikkeling van taaltegnologie, het O'Brien betrokke geraak by die webtuiste, *Open Languages*, wat ten doel het om die beste Afrikaanse onderrig kosteloos aan die internasionale gemeenskap te bied.

O'Brien het destyds besluit om Du Plessis se Afrikaanse klasse by UCLA te volg, want dit was toe een van die min universiteite in die VSA met 'n Afrikaanse taalkursus. Dié klasse het hy gebruik ter voorbereiding vir sy tyd in Suid-Afrika. Hy het ook met behulp van 'n ander kursusse aan een van die wêreldbekende Berlitz-taalskole uit boeke Afrikaans aangeleer voordat hy na Suid-Afrika gekom het.

Dit was steeds nie genoeg vir hom nie. Jacques du Plessis het Afrikaanse studiemateriaal ontwikkel vir die Brigham Young-universiteit (BYU) en O'Brien het ook daardie studiegidse aangekoop om hom te help.

O'Brien sê voorts dat sy tyd in 'n Afrikaanse manskoshuis by Kovsies hom veral gehelp het om die taal te snap, want die Afrikaanse studente in sy koshuis het baie belanggestel in die VSA en hulle was baie behulpsaam om hom met Afrikaans te help. Aangesien Afrikaans vir hom 'n ryk en unieke taal is, probeer praat hy gereeld om gesprekke in Afrikaans te voer.

Sy siening is dat hoe meer tale 'n persoon kan praat, hoe beter is dit vir hom om homself in 'n sake-omgewing, die politiek of diplomatieke sake te handhaaf. Om sy Afrikaans te koester, lees hy *De Kat* en *Huisgenoot* wat sy vrou maandeliks vir hom invoer.

[Verwerk uit: www.*maroelamedia.co.za* *op* 15 *Junie 2017*]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM
PASTORIELAAN, PAARL

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Kuns en Kultuur

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

'HANDVOL' OF 'HAND VOL'?

'HOMMELTUIG' & 'GOOGLELOER'

1. **WERKSESSIE OOR <u>NUWE</u> AWS**
2. <u>Alle Afrikaanse taalpraktisyns word hartlik uitgenooi om touwys gemaak te word</u>
3. <u>oor die veranderinge in die nuutste, omvattende AWS</u>. Hierdie 3.5 (op + wen)
4. 11de uitgawe van die 'taalbybel' bevat onder meer die nuutste neologismes, nuwe
5. woorde uit Afrikaans se gebruiksvariante en duidelikheid oor die gebruik van
6. leestekens. Die werksessie vind vanaf 09:00 tot 13:00 by die <u>monument</u> op
7. Paarlberg plaas en kos R50 per persoon.
8. Besprekings: student@taalmuseum.co.za

Tel. 021 863 0543 / 4809 www.taalmonument.co.za Afrikaanse Taalmonument @taalmonument

[Verwerk uit: http//www.taalmuseum.co.za]

3.1 Skryf die onderstreepte woord in reël 1 in sy intensiewe vorm. (1)

3.2 Skryf die afkorting in reël 1 volledig uit. (1)

3.3 Herskryf die onderstreepte sin in reël 2 en 3 in die bedrywende vorm. (1)

3.4 Voltooi: Die woord taalpraktisyns (reël 2) bestaan uit twee stamme naamlik, taal en ... (1)

3.5 Vorm die korrekte teenwoordige deelwoord van die woorde tussen hakies in reël 3. (1)

3.6 Lewer kommentaar oor die feit dat die woord ‘taalbybel’ in reël 4 tussen aanhalingstekens geplaas is. (1)

3.7 Reël 4 verwys na neologismes. Skryf enige EEN van die neologismes neer wat in die advertensie gebruik is. (1)

3.8 Benoem die klankverskynsel wat in die onderstreepte woord in reël 6 voorkom. (1)

3.9 Wie sou die sogenaamde “taalpraktisyns” kon wees waarna daar in reël 2 verwys word? (1)

3.10 Bestudeer die teksblokkie aan die bokant van die tikmasjien en lewer dan kritiese kommentaar op die doeltreffende gebruik daarvan al dan nie. (1)

[10]

EN

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

[Verwerk uit: *http://zitscomics.com/comics/july-13-1997/]*

4.1 Benoem die onderstreepte konsonant in SPRAAKBORREL 1. (1)

4.2 Waarom is daar 'n komma na Jeremy in SPRAAKBORREL 1, maar nie na Ma in SPRAAKBORREL 2 nie? (1)

4.3 Herskryf die sin in SPRAAKBORREL 2 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met: Jeremy het gesê... (1)

4.4 In die strokie is 'n opsetlike fout met 'n betreklike voornaamwoord gemaak. Skryf die sin oor, verbeter die fout en onderstreep die verandering wat jy aangebring het. (1)

4.5 Verbind die sinne in SPRAAKBORREL 5 met 'n voegwoord sodat die tweede deel 'n neweskikkende teenstellende hoofsin is. (1)

4.6 In SPRAAKBORREL 6 word "het" as 'n hulpwerkwoord van tyd gebruik. Gebruik "het" nou as 'n oorganklike werkwoord in 'n sin van jou eie. (1)

4.7 Gee 'n sinoniem van die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL 6. (1)

4.8 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips binne konteks van SPRAAKBORREL 7? (1)

4.9 Watter afleiding behoort Zits se ma uit sy woorde in SPRAAKBORREL 7 te maak? (1)

4.10 Is Zits se woorde/optrede teenoor sy ma geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

EN

VRAAG 5: ARTIKEL

'N NUWE AFRIKAANS

1. "Muni dnk i mens wat so prt is dom ni." Afrikaans, ten spyte van tandeknersende taalpuriste, het met die digitale era 'n nuwe **baadjietjie** gekry wat sy in haar kas kan hang.

2. Taal is dinamies en is altyd aan die verander. Sosiale netwerke laat ons egter die grense tussen registers en selfs gesproke teenoor 5.4 (skryf) taal bevraagteken. Dit kan wees dat die weglating van klinkers kommunikasie kan laat misluk, maar dis gewoonlik die uitsondering.

3. "As kommunikasie slaag, het die taal mos sy werk gedoen," glo dr. Jako Olivier, 'n senior lektor in Afrikaans en Nederlands aan die NWU. "In 'n digitale era is dit eerder belangrik om jongmense te leer watter taal in bepaalde kontekste aanvaarbaar is en om hulpmiddels soos speltoetsers effektief te gebruik."

4. "Soos tegnologie ontwikkel, verander kommunikasie en dit brei uit - 'n positiewe verskynsel. Nie net het dinge soos SMS-taal ontstaan nie, maar selfs internetsoektogte het nou Afrikaanse spraakherkenning. Met *Google Translate* se regstreekse vertaling kan mense nou reageer op jou *Facebook*-status. Die puriste kan dus ook bly wees - nou is daar geen verskoning vir swak spelling nie!"

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Somer 2015]

5.1 Kort die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 1 korrek af. (1)

5.2 Verduidelik wat 'n taalpuris (paragraaf 1) is. (1)

5.3 Watter taalverskynsel kom by die donkergedrukte woord in paragraaf 1 voor? (1)

5.4 Vorm met behulp van 'n metamorfeem die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 2. (1)

5.5 Benoem die onderstreepte sin in paragraaf 2. (1)

5.6 Skryf die hoofsin van die onderstreepte sin in paragraaf 3 neer. (1)

5.7 Skryf die verklaring van die onderstreepte afkorting in paragraaf 3 neer. (1)

5.8 Skryf die infinitief neer wat in paragraaf 3 voorkom. (1)

5.9 Brei die onderstreepte woord in paragraaf 4 met 'n gepaste bysin uit. Skryf die hele sin oor en onderstreep die bysin wat jy ingevoeg het. (1)

5.10 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 en vervang die aandagstreep met 'n gepaste voegwoord. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: [30]

GROOTTOTAAL: 70